

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**
**Sondag 5 Augustus 2012**

| **Oggenddiens 09:30** | | | **Aanddiens 18:00** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Lied** | **Bladsy** | **Lied** | **Bladsy** |
| 1. | Psalm 103:1 & 2 | Bl.**504** | Psalm 19:1 & 2 | Bl.**82** |
| 2. | Skrifberyming 9-3:1 & 2 | | Psalm 84:1 & 3 | Bl.**424** |
| 3. | Psalm 122:1 | Bl.**612** | Skrifberyming 1-1:1 | |
| 4. | Psalm 118:1 | Bl.**575** | | |

**BYBELSTUDIE GROEPE**



**SONDAG 5 Augustus 2012**

- ***19:00-20:00*** in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Hebreërs***.


**WOENSDAG 8 Augustus 2012**

- ***10:00-11:00*** in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Lukas***.
- ***18:00-19:00*** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

**KRUISPAD ISRAEL JEUGTOER**

Daar is nog 4 plekke beskikbaar vir die jeugtoer.
Die datum het een dag aangeskuif na 18-27 November 2012.
Kostes: R 16 000
Kontak anneke@kruispad.net of 082 352 5049
Sien asb die aangehegte dokumente.
Vriendelike groete,
Namens die Jeugdeputate van die GKSA.





# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 7 — Sondag 5 Augustus 2012 — Nommer 21

## MUGGIE EN KAMEEL?

Soms tree mense lagwekkend op as dit om godsdiens gaan. Die belangrikste sake waarom dit in jou diens aan God gaan ignoreer hulle en skop die grootste lawaai op oor iets wat klien en onbenullig is.
In Matteus 23:24 het Christus die Fariseërs onder skoot oor `n soortgelyke optrede van hulle kant. In hierdie gesprek van Hom met die Fariseërs, maak Christus van `n alledaagse gewoonte gebruik om hierdie waarheid vir hulle te onderstreep.. Hy neem `n praktiese voorbeeld uit die daaglikse lewe.
In die tyd van die Bybel het die gewoonte bestaan om alle soorte drank op `n sekere manier te suiwer. Die drank is deur `n dun doek gegooi om onsuiwerheid daar uit te haal. Hierdie gebruik pas Christus toe op die godsdiens van die Fariseërs. Angsvallig het die Fariseërs hulle besig gehou met die onbenullige nakoming van die allerkleinste voorskrifte van die wet. *"Julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle na"* [Matt.23:23]. Hulle laat Jesus dink aan iemand wat noukeurig en met groot presiesheid elke muggie wat in die vloeistof is uitskep, maar dan, by wyse van spreke, die kameel insluk. Die lagwekkende kontras tussen die muggie en die kameel word hier deur Christus gebruik om die belaglike godsdienstige lewe van die Fariseërs aan te dui.
Christus praat dus hier met mense wat op klein dingetjies verskriklik noukeurig en presies is. Iemand kan byvoorbeeld die "muggie" van kleredrag in die erediens opblaas tot iets verskrikliks, maar die *"kameel"* van sy ongeërgde houding in die erediens en die feit dat hy nie doen wat God sê nie ignoreer. Ons moet waaksaam wees vir die *muggies en kamele* in ons diens aan God.

***Dr. Nico van der Merwe.***

## PREKE VANDAG



***Ds. Andre de Jager***

Oggenddiens Tema: **DIE VADERLIEFDE VAN GOD**
**Lees**: Lukas 15:11-32
**Teks**: Lukas 15:29 & 31

Van die oudste seun lees ons wanneer hy hoor dat sy jonger broer terug is en daar feesgevier word dat hy kwaad geword het en nie wou ingaan om saam fees te vier nie. En die rede was dat hoewel hy sy vader gedien het dit sonder liefde was. Hy het gewerk vir die beloning wat hy geglo het hy sou kry vir sy toegewyde diens.

Aanddiens Tema: **IN CHRISTUS IS ONS VOOR GOD GEREGVERDIG DEUR DIE GELOOF**
**Lees**: Romeine 3:21-31
**Teks**: Romeine 3:23-25
*Heidelbergse Kategismus Sondag 23*

Baie van ons het al reeds belydenis van geloof afgelê en die kinders onder ons gaan ook nog een of ander tyd voor die hele gemeente julle geloof bely.

Maar wat beteken dit regtig dat ons ons geloof so bely? Wat is die nut van die apostoliese geloofsbelydenis, hoekom belydenis van geloof aflê? Kortom, wat baat dit ons om te glo?



## BORG – 'N – BYBEL



Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

MIKPUNTE:
1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand.**
4. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat een of meer Bybels sal borg**.
5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoevertjie by die kerk inhandig.

Met vertroue dat God hierdie aksie ryklik sal seën! SOLI DEO GLORIA.
ABRIE LOTTER

## BOLANDRIVIERKAMP

Die ***Bolandrivierkamp*** is 'n geleentheid vir Graad 8-12 leerlinge om weg te breek vir 'n paar dae en net te wees. Hierdie jaar doen ons die hele "amazing reis" ding. 'n Mond vol aktiwiteite op ''n plek vol aksie gereël deur energie belaaide studente van Stellenbosch.



Wanneer: 8-12 Desember 2012
Waar: Bridgetown Jeugkampterrein naby Moorreesburg
Koste: R430 (alles ingesluit behalwe vervoer)
Kontakbesonderhede: Helena Potgieter

## HarTklop is tydens Aardklop: 1-6 Oktober 2012


***HarTklop*** is om die draai en ons het voorraad nodig om dit te laat realiseer.
Die voorraad wat ons nodig het, is: ***Koffie, tee, suiker, MENSE***!

Tydens Aardklop 2012 gaan ons aan jongmense die geleentheid gee om die liefde van Jesus Christus te doen.
Daar is geen fondsinsameling nie, geen uitdeel van traktaatjies nie, geen uitgerekte opleiding nie.
Hier gaan gegee word: liefde, iets te drinke, iets te ete, jouself!
Registreer op die Kruispad webblad:
http://projekte.kruispad.net/hartklop.html

Enige skenkings is welkom!

Selnr : 0719232013
bolandrivierkamp@gkstellenbosch.co.za

## FRANKFORT RIVIERTOER



Datum: 5-9 Desember 2012
Plek: Frankfort, op die Wilgerivier
Koste: R580
Ouderdom: Gr.8 – 24 Jaar
Kontak: Dalene Muller **082-456-2936**

## 55 PLUSSERS – Neem kennis!


Die Jaarprogram van die gemeente dui per abuis aan dat daar op 3 Augustus 'n byeenkoms van die 55 Plussers is (Simbaal: "sou wees".). Die byeenkoms is egter eers in September.

- Wat jy nie kan wegdink nie, moet jy regdink.

- Ons gedagtes het 'n ongelooflike mag oor ons liggaam.



## LIEF EN LEED



- ***<u>Oom Peet van der Walt</u>*** het die afgelope naweek die voorreg gehad om kinders en kleinkinders van Saoedi-Arabië en Kanada weer te sien en saam met kuier. **(Wyk 18 ➢ ☎ – 018-468-3461)**

  Ons hartlike gelukwense gaan aan ***<u>Erika Kotze</u>***, dogter van Oom Peet van der Walt, wat sopas haar doktorsgraad in Verpleegkunde verwerf het. Ons is saam met haar dankbaar vir die vrug op harde werk, en weet dat sy haar talente ten volle tot die welsyn van haar medemens gebruik. Gelukwense ook aan oom Peet, wat haar deurgaans ondersteun het.
  **(Wyk 18 ➢ ☎ – 018-468-3461)**

- ***<u>Tannie Ansie Jansen van Vuuren</u>*** was in die hospitaal, maar is Donderdag weer ontslaan is. Herstel en beterskap word u toegebid.
  **(Wyk 10 ➢ ☎ – 018-468-7954)**

## GEE-JAAR

'n Jaar van geestelike groei waarin jy toegerus word om die Koninkryk van Christus te help bou deur middel van kommunikasietegnologie.
Leer van skryf, fotografie, webbladontwerp, DVD-produksie en ander vorme van multimedia. As jy ........

- Die Kerk wil dien met jou gawes op die gebied van multimedia;
- Dieper verhouding met God, jouself, die Kerk, en die wêreld wil hê .

Vir meer inligting kontak Suzanne Coetzer:
geejaar@kruispad.net

- Baie mense hou op 'n sekere leeftyd op om hulle denke te voed en teer op hulle intellektuele vet. Dit hou ongelukkig nie lank nie.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 05 Augustus | Barmhartigheid | Emeritaatsversorging |
| 12 Augustus | Barmhartigheid | Susentasie Khuma |
| 19 Augustus | Barmhartigheid | Sustentasiefonds |
| 26 Augustus | Barmhartigheid | GKSA Jeugsorg |

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 5 Augustus  tot Saterdag 4 Augustus 2012

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 5 Augustus | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 5 Augustus | Katkisasie Les 18 | 10:30-11:15 |
| Sondag 5 Augustus | Aanddiens/Jeugdiens | 18:00-19:00 |
| Sondag 5 Augustus | Bybelstudie Konsistorie | 19:00-20:00 |
| Woensdag 8 Augustus | Bybelstudie Konsistorie | 10:00-11:00 |

**TEESKINKBEURTE**

| | |
|---|---|
| Sondag 05 Augustus 2012 | Wyke 22 & 23 |
| Sondag 12 Augustus 2012 | Geen teeskink – Langnaweek |
| Sondag 19 Augustus 2012 | Wyke 26 & 27 |
| Sondag 26 Augustus 2012 | Geen teeskink - Nagmaal |

## VERJAARDAE

5 Augustus 2012 tot 11 Augustus 2012


| | | | |
|---|---|---|---|
| 05 Aug. | **Christian Roberts** | *Wyk 08* | **018-468-3468** |
| 05 Aug. | **Chris Buys** | *Wyk 11* | **083-439-8892** |
| 05 Aug. | **Gercia Pelser** | *Wyk 20* | **018-468-7542** |
| 07 Aug. | **Tannie Susan Potgieter** | *Wyk 23* | **018-468-1628** |
| 07 Aug. | **Willem de Jager** | *Wyk 19* | **018-468-5626** |
| 08 Aug. | **Santie vd Westhuizen** | *Wyk 24* | **018-468-3553** |
| 11 Aug. | **Johan Jansen** | *Wyk 05* | **018-468-6175** |
| 11 Aug. | **Rozetta de Klerk** | *Wyk 16* | **074-890-1567** |
| 11 Aug. | **Tanya Schutte** | *Wyk* | **072-293-5747** |

Al die lidmate wat die komende week verjaar word hartlik gelukgewens. Mag die dag vir julle volg vreugde en blydskap wees en die nuwe lewensjaar ryklik geseën

- Geloof is nie om die korrekte leerstellings aan te hang nie, maar persoonlike gemeenskap met die lewende God.













## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**BEROEPE ONTVANG**

- Ds. JP le Roux van De Aar/Strydenburg/Oranjerivier/Philippolis-kombinasie na Aranos/Khomas Hoogland/Namib Kus-kombinasie.

**BEROEPE AANVAAR**

- Ds JP le Roux van De Aar/Strydenburg/Oranjerivier/Philippolis-kombinasie na Aranos/Khomas Hoogland/Namib Kus-kombinasie.

## KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n toerustings konferensie aan vir almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensieoptree. Van die sprekers wat sal optree is: ***Prof. Malan***

***Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobbelaar***, ***Marius Storm*** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Konferensiegangers sal vir hulle eie ***huisvesting*** verantwoordelik wees. ***Inskrywingsvorms*** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om ***predikante, kategete*** en almal wat met die kinders en jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle ***Ouers*** sal ook baie baat vind by die konferensie
Met dank   Prof. dr. Gert Breed (TSP)

## VIR DIE SUSTERS

- **KOEKSISERS:** Die susters beoog om in die middel van September DV koek- sisters te bak. Hulle vra asseblief uit die gemeente bydraes van bestanddele: meel/suiker/olie. U kan dit sommer Sondae in die kombuis afgee. Bestellings met betaling kan vanaf Sondag 2 September 2012 by Kotie of Bets opgegee word. Die susters vra ook hulp. Selfs die afgetrede broeders is welkom om te kom help.
- **BREIBLOKKIES:** Sal die flinke breisusters wat nog breiblokkies tuis het dit asseblief sommer kerk toe bring en vir Christa Snyman gee. Baie dankie aan Christa vir al die breiblokkies, tyd en geld spandeer. Dit was 'n reuse taak en 'n reuse sukses